

## Hoofstuk 1.2

### VESTIGING LITERARIESE DEPARTEMENT (1876-1888)



**“In de Synode te Reddersburg, 1876, werd besloten ... dat, behalve voor predikanten, ook personen voor litterarische graden aan de school kunnen bevorderd worden. Om alzoo direct nuttig te zijn ook voor de maatschappij zoowel als de Kerk. Hierin heeft de Kerk metterdaad betoond dat ze niet van een bekrompen inzicht op wetenschappelijk gebied uitgaat.”**

- Prof Dirk Postma (1889)



### 1.2.1 Reorganisasie: Literariese Departement

In September 1875 kyk die kerkraad van die Burgersdorpse Gereformeerde Kerk tydens 'n openbare gemeentevergadering na die situasie van die Teologiese Skool in hulle midde en berei vervolgens 'n beskrywingspunt vir die volgende sinode voor, waarin versoek word dat twee professore aangestel word, totaal vry van kerklike diens behalwe prediking ten bate van die studente; die ander pos is dié van professor literarum, met 'n akademiese graad (minstens B.A.) en nie noodwendig van predikantstatus nie. "De Litterarische School", word gevoel, moet so ingerig word dat studente opgelei kan word vir 'n akademiese graad of as onderwysers. En teologiese studente sal dan eers 'n literariese eksamen moes aflê. Hierdie reorganisasie voorstelle is tydens die byeenkoms van die gemeente baie entoesiasties ontvang. Sommiges het laat blyk "dat ze al lang het zoo gewenst hebben".<sup>1</sup>

In Februarie 1876 gebruik ds Postma sy maandblad om die saak verder te bevorder en spreek hy die hoop uit dat die komende sinode weer aandag sal gee aan die behoefté aan bekwame opleiding. Hy stel as ideaal "eene inrichting, die als Normaal School onderwijzers der jeugd zoude kunnen opleiden, ik meen gewone schooleesters die zoo hoogst noodig zijn; tevens om anderen voor universiteitsgraden voor te bereiden, om daarna voor Doctor of advokaat te gaan studeeren en eindelijk, die wenshen predikant te worden, zouden dan aan die inrichting hunne geheele opleiding kunnen genieten met eenen universiteitsgraad tevens". Hoe wenslik is dit nie vir sowel kerk as ouers om só 'n eie inrigting vir laer en hoër onderwys te kan hê nie, is Postma se versuiging.<sup>2</sup>

Hierdie pleidooi sou aan ds Dirk Postma die eretitel besorg van "grondlegger" van die Christelike universiteit wat mettertyd op hierdie fondament sou verrys.<sup>3</sup>

As uitvloeisel van 'n opdrag van die vorige sinode om die saak te ondersoek, het die kuratore en die dosente ook die instelling van 'n literariese en 'n eindeksamen aanbeveel en is dit in Mei 1876 so deur die sinode aanvaar. Wat die maatstaf vir die literariese eksamen betref, is die kuratore opdrag gegee dat die hoogste moontlike graad behaal moes word voordat teologiese studie 'n aanvang neem. Eksamens sou soos gewoonlik deur die kuratore afgeneem word, maar die professore sou as adviserende lede sitting neem op die kuratorium en meewerk aan die eksamens.<sup>4</sup>

Met hierdie skeiding en deur die instelling van die Literariese Departement, soos dit voortaan meestal bekend sou staan, sou nie alleen meer statuur aan die eksamens van die Teologiese Skool verleen word

nie, maar is inderdaad die eerste doelbewuste tree gegee op die pad na universiteitstatus, die eerste steen gelê van die gebou wat mettertyd sou uitgroeи tot die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. Die vae en wydlopende versuiging van 1869, naamlik "dat ook jongelieden, zonder een bestemd doel te hebben" vir opleiding aan die Teologiese Skool welkom was, was op pad om konkrete vergestaltung te verkry.

Vanweë die uitdienstreding van dosent Cachet in 1875 en die hoër eise wat die reorganisasie aan die Teologiese Skool aan die dosente sou stel, het die sinode toe wel 'n tweede professoraat goedgekeur, vir die literariese opleiding. Die **professor literarum** sou deur die kuratore benoem word, op 'n wyse soos deur hulle goedge gedink terwyl die **professor theologicus** deur die sinode aangewys word, met vry inwoning in die kerk se pastorie en 'n salaris van £500 per jaar.

Ten opsigte van die **professor literarum** is bepaal dat hy "niet een minder graad moet bezitten dan B.A. hetzij dan al of niet predikant zijn, met een salaris van £400 per jaar, zonder vrije inwoning". Waar die teologiese professor slegs deur die sinode of die kuratore losmaking uit sy betrekking kon verkry, kon sy literariese eweknie met drie maande kennisgewing bedank. Beide moes egter die formuliere van enigheid van die kerk onderteken.<sup>5</sup>

Die status en funksionering van die dosente van die Teologiese Skool is verder beredeneer en daar is onder andere besluit dat die gemeente Burgersdorp losgemaak word van sy "voogdyskap" oor die inrigting. Ook sou die professore voortaan nie meer gemeentewerk verrig nie, maar slegs by geleenthede eredienste waarneem, "vooral ten belang der studenten".<sup>6</sup>

Dat hierdie reëlings tydig was, en dat die vroeëre toestand nie juis gewens was nie, blyk uit latere getuenis van oudstudent JA van Rooy, wat die Teologiese Skool van destyds as " 'n sirkel in die gemeentekring" bestempel het: "In die eerste jare van die skool se bestaan was dit meer voelbaar, toen die twee Dosente meteen predikante van Burgersdorp was en die gemeente so te sê die voogdij o'er die skool had."<sup>7</sup>

Die doelbewuste verslapping van die houvas van die sinode (en dus ook die Gereformeerde Kerk) op die **professor literarum** was inlyn met die strewe om groter aanklank na buite en dus meer studente te verkry. Die vakke van die literariese afdeling is dan ook so gestruktureer, en die onderrig moes sodanig geskied dat studente wat wou, hulle vir die B.A.-eksamens kon aanmeld.<sup>8</sup> As bloot net 'n kerklike instelling het die Teologiese Skool nie die bevoegdheid gehad om grade toe te ken nie. B.A.-eksamens sou deur die nuutgestigte



Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop (1873) afgelê moes word terwyl dit ook die grade sou toeken.

Die vakke vir die literariese eksamen was die volgende: Hollandse taal, styl en letterkunde; Engelse taal en letterkunde; Latyn, Grieks, Hebreus en Bybels-Chaldees; Algemene geskiedenis asook Geografie en Mitologie vir sover dit vir geskiedenis benodig word; Natuurkunde; Logika en Metafisika.

Hierdie reorganisasie binne die Teologiese Skool het positiewe kommentaar in die Nederlandse blad *De Bazuin* ontlok<sup>9</sup> terwyl ook *Het Volksblad* hom gunstig hieroor uitgelaat het en in die plaaslike koerant aangehaal is: "Tot hiertoe droeg sy het karakter van een plaatselyke instelling, bestuurde door den plaatselyken geestelyke en een of twee medehelpers. Van nu voortaan zal sy een Seminarie zyn, even als dat te Stellenbosch, in stand gehouden onder het Bestuur en op kosten van de kerk."<sup>10</sup>

### 1.2.2 Grondleggingswerk – Petrus Postma

Die sinode sowel as die kuratore het, by die aanstelling van die onderskeie professore, die deure oopgelaat vir Nederlandse geleerde om ook vir die poste in aanmerking geneem te word.<sup>11</sup> In die geval van die teologiese professoraat, is professore S van Velzen en H de Kock van die Universiteit van Kampen saam met ds Dirk Postma as kandidate benoem. Wie hul name voorgelê het en of dit met hulle medewete gedoen is, kon nie vasgestel word nie.<sup>12</sup>

Die 67-jarige Van Velsen en die 52-jarige De Cock was albei vanaf die stigting van die Teologiese Skool te Kampen aan hierdie inrigting verbonde. Dit is nie uitgesluit nie dat Postma self, wat sterk bande met veral Helenius de Cock gehad het, vir hul benoemings verantwoordelik was. Postma het egter 'n oorweldigende meerderheid behaal deur 39 van die 46 stemme op hom te vereenig. Hoewel hy homself steeds nie daartoe bevoeg geag het nie en dus nie die pos wou beklee nie, het Postma na baie druk tog ingewillig om die pos deeltyds in waarnemende hoedanigheid te beklee.<sup>13</sup>

Die kuratore het op hul beurt die vakture van **professor literarum** in die kerklike mondstuuk *De Maandbode* asook in *Het Volksblad* en in die Nederlandse kerkblad *De Bazuin* geadverteer.<sup>14</sup> Toe hulle vier maande later in spesiale sitting byeenkom om die aansoeke te oorweeg, was daar net een kandidaat, naamlik Petrus Postma, wat sedert die bedanking van Cachet in sy plek waargeneem het. Ds Postma, as rektor en vader van die applikant, het homself van die benoemingsprocedure onttrek. Met die stemming het twee van die kuratore vir, en twee teen die aanstelling van die jong Postma gestem. Na 'n gebed is toe met die lot beslis dat hy wel die pos kry.<sup>15</sup>

Hierdie verdeeldheid oor die kandidaat het waarskynlik verband gehou met 'n opspraakwakkende voorval waarin Petrus Postma kort tevore betrokke was.

Hy sowel as broer Marthinus het in 1874 vanuit Gill Kollege, Somerset-Oos, hul B.A.-grade met lof aan die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop behaal –



#### 1.2.1

*In 1876 was twee van dié vier professore van die Teologiese Skool te Kampen kandidate vir die teologiese professoraat te Burgersdorp, naamlik Van Velzen(tweede van links) en De Cock(regs).*



Petrus in Lettere en Wetenskap en Marthinus in Lettere.<sup>16</sup> Vroeg in Maart 1875 het Petrus diens aanvaar as onderwyser in Klassieke tale aan die Paarl Gimnasium. Skaars twee maande later is die Kaapse koerante vol van wat beskryf is as die “onverklaarbare verdwyning” (“disappearance unaccountably”) van die jong onderwyser.<sup>17</sup>

Op 'n dag het Postma al sy goed net so in sy losieskamer gelaat en die pad gevat, om uiteindelik op 'n plaas in die Malmesbury-distrik te beland. Aanvanklik onwillig om sy identiteit te openbaar, het hy later geswig, homself bekend gestel en aan die plaasmense gesê dat hy nie van sy beroep hou nie.

Paarl Gimnasium was intussen in rep en roer. 'n Nota op sy skryftafel het op moontlike emigrasie gedui: “No friends, very hard, so I thought (to) emigrate to a strange land and work as a day-hirer. Such is my fate.” Uit 'n kort briefie aan sy losies-ma het die vrees ontstaan dat hy dalk homself iets kon aangedoen het. Die oewers van die Bergvlier en die klowe in die Paarlberg is deeglik deur vriende, kollegas en skoliere gefynkam, voordat verneem is dat hy veilig is.

Die voorsitter van die kuratore van Paarl Gimnasium, AM de Villiers, het Postma se vader van die gebeure in kennis gestel. De Villiers het sy en sy kollegas se teleurstelling oor die gebeure uitgespreek “because your son gave satisfaction to all by his excellent talents, and the plain way in which he imputed instruction to the students under his charge - which gift is so seldom found - on this account the Board were highly satisfied with his services, and there existed the best agreement between us.”

Die nota van Postma oor sy behoefté aan vriende was vir De Villiers onbegryplik: hy het tog baie vriende gehad en gereeld in die beste kringe rondbeweeg. Sy gespreksvoering was altyd lewendig, selfs vrolik en interessant, terwyl hy 'n spesiale vriend van die kuratore was en hulle gereeld besoek het.<sup>18</sup> Ook die plaaslike koerant, wat Postma se optrede toegeskryf het aan swartgalligheid vanweë 'n te intense toewyding aan studie, het 'n goeie getuigskrif gegee: “Mr. Postma is a young gentleman of quiet and orderly habits, and has always been esteemed for his unobtrusive and gentlemanly demeanour ...”<sup>19</sup>

Oor die verdere afloop van die buitengewone episode is niks bekend nie, behalwe dat die Burgersdorp Gazette op versoek van ds Postma die brief van die voorsitter van die kuratore van die Paarl Gimnasium volledig gepubliseer het. Enkele maande later, met die kuratore se vergadering einde Augustus 1875, word Petrus Postma toe saam met J de Ridder as assistente vir ds Postma benoem, om Cachet se werk oor te neem.<sup>20</sup>

Op 1 Oktober teken rektor Dirk Postma aan, “heeft Mr. P. Postma geresigneerd voor zijne betrekking aan de School, omdat hij geene kans ziet te volvoeren, wegens ongesteldheid”.<sup>21</sup> Tydens die kuratore se volgende byeenkoms, vroeg in Mei 1876, word in die notule bloot net gemeld dat een van die twee assistente na 'n maand bedank het en dat die heer Scrutton toe in sy plek waargeneem het. Direk hierna word “eene ernstige en breedvoerige bespreking” oor artikel 6 van die rektor se verslag gevoer. Hoewel hierdie verslag nie opgespoor kon word nie, kan dit aanvaar word dat die betrokke artikel gehandel het oor Petrus Postma se skielike bedanking.<sup>22</sup>

Drie weke later, teen die einde van Mei, bepaal die kuratore dat die professor literarum, wie se pos geadverteer word, op 1 Februarie 1877 diens moet aanvaar en word met algemene stemme besluit dat De Ridder, op dieselfde voorwaardes as vroeër, as assistent aangestel word om “den gedeelte van de diensten van een professor litterarum waar te neem”, tot einde Januarie. Terselfdertyd word aan ds Dirk Postma opgedra “om zoo goed mogelijk te zorgen voor onderwijs in de andere vakken van de professor litterarum...”.<sup>23</sup>

Nou waarom, kan 'n mens jou afvra, sou Petrus Postma as assistent aan sy pa se inrigting dan so gou handdoek ingegooi het? En wat het hy gedoen, in die tyd sedert sy bedanking as assistent (waarskynlik in Maart 1876 al) en sy benoeming as literariese professor (vroeg Oktober 1876)?

Applicaties worden gevraagd door het Collegie van Curatoren over de Theol. School der Geref. Kerk in Zuid Afrika, voor de betrekking van PROFESSOR LITTERARUM aan die School. De applicant moet minstens den graad van B. V. bezitten, lidmaat van de Geref. Kerk zijn of genegen dit van harte te worden, alsmede gewillig om de Formulieren van Eenigheid van de Geref. kerk te onderteeken.

Applicaties moeten ingezonden worden voor of met den laatsten dag van September e.k., geaddresseerd aan den WelEerw Zeergel Heer D. Postma fungeeren de professor theologicus te Burgersdorp Kaap kolonie. De applicant moet gereed zijn, wanneer zijn applicatie aangenomen wordt, in dienst te treden op de 1sten Februarie 1877.

Het salaris voor deze betrekking is £400 (zegge vier honderd pond Strl.)

Applicanten moeten mede inzenden getuigschriften van goed zedelijc gedrag en bekwaamheden.

Voor verdere bijzonderheden verwijge men zich bij den WelEeuw Zeergel. Heer D. Postma te Burgersdorp, of bij den ondergetekende

M. P. A. Coetse jr.  
Secretaris van het Collegie bovengenoemd.  
Steynsburg 1 Juni 1876.

## 1.2.2

Advertensie in Het Maandbode, 1.7.1876



### 1.2.3

*Petrus Postma. Na 'n senu-ineenstorting as onderwyser aan die Paarl Gimnasium, het hy (as enigste aansoeker) die pos gekry as eerste literariese professor aan die Teologiese Skool. Hy sou dwarsdeur sy lewe 'n groot rol speel in die bevordering van die belang van dié inrigting en die daaruitspruitende Potchefstroomse Universiteit.*

Met Postma se oorlye in 1919 het sy broer, ds Marthinus Postma, onthul dat "zwakke gezondheid, en vooral verzwakking van senuwen", die oorsaak was dat Petrus Postma hom op hierdie stadium heeltemal van onderrig onttrek het. Na 'n tydjie van rus het hy hom op Philipstown, waar sy swaer, ds Jan Lion Cachet, predikant was, gaan vestig en in 'n "winkel besigheid" betrokke geraak. Hierdie ervaring het skynbaar nie net sy senuwee-probleem genees nie, maar aan hom waardevolle ervaring van finansiële sake laat opdoen wat hom in sy latere loopbaan as predikant maar ook as penningmeester van die Teologiese Skool baie handig te pas sou kom.<sup>24</sup>

Wat die rede(s) vir Petrus Postma se irrasionele optredes ook al was – die episode in die Paarl en sy

skielike bedanking as assistent – ly dit geen twyfel nie dat dit 'n rol moes gespeel het by die kuratore wat tydens die stemming vir die vul van die nuwe pos teen hom gestem het. Of moontlik was dit net blote anti-Postma stemme, gemik teen die baie prominente rol wat ds Dirk Postma en sy gesin (met Cachet boonop 'n skoonseun) in die kerklike lewe en ook in die Teologiese Skool opset begin speel het.

'n Enkele waarneembare rimpeling wat die gebeure rondom die persoon van Petrus Postma gehad het, was 'n berig in die Colesberg Advertiser van Oktober 1876, met die strekking dat die plaaslike Gereformeerde predikant, ds PJJ Viljoen, sy twee seuns Stellenbosch toe stuur omdat hy hom nie met Petrus Postma se aanstelling kan vereenselwig nie. In die Burgersdorpse eweknie-koerant is die berig as "geheel bevreemdend" bevraagteken, daar dit reeds voor die aanwysing van Postma bekend was dat Viljoen se kinders op pad was na die eikestad.<sup>25</sup>

Oor die jonger Postma se akademiese bekwaamheid was daar nie twyfel nie. Dat daar tog wel in sekere kringe bedenkinge kon bestaan het oor sy geestelike bevoegdheid om die nuutgestelde betrekking te beklee en inderdaad ook die totale nuwe literariese afdeling op gang te kry, is egter te verstane. Petrus Postma sou moes uithaal en wys.

Die 23-jarige Postma, wat pas in 1876 sy BA-graad via Gill Kollege by die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop verwerf het, het op 1 Februarie 1877 met sy werkzaamhede as professor in die pas-gestigte Literariese Departement aan die Teologiese Skool begin.

**Dit is dus nie, soos reeds vroeër in hierdie studie uitgewys, die stigtingsdatum van die Teologiese Skool nie, maar hoogstens die sinodebesluit oor die instelling van die Literariese Departement (1876) en dan veral die diensaanvaarding van Petrus Postma in die nuutgestigte departement (1877), wat inderdaad beskou moet word as die geboorte-uur van daardie Christelike universiteit wat, hoogstens as vergesig, by die stigting van die Teologiese Skool in 1869 in die vooruitsig gestel is.**

Die ontvangs van die **professor literarum** het met die gebruikelike fanfare van destyds gepaard gegaan: 'n groot groep mense het die jong Postma-egpaar op die plaas van D en F Grobler buite die dorp ingewag en feestelik verwelkom, terwyl mondelinge en skriftelike adresse en bedankings oor en weer verwissel is. Te midde van al die verrigtinge en die sing van seënbedes, kon vader Dirk nie die tranе keer nie<sup>26</sup> – tranе van trots, geluk en dankbaarheid oor 'n seun wat, ondanks 'n vlugtige geestelike insinking pas tevore, sy voete gevind het.



Petrus Postma het inderdaad sy voete stewig geplas op wat sou blyk te wees 'n pad van onvermoeide en onbaatsugtige diens aan kerk en gemeenskap, en aan die latere universiteit wat uiteindelik uit die Teologiese Skool ontwikkel het.

Om die geleentheid te laat saamval met die volgende sitting van die kuratorium, is die nuwe professor eers op 7 Mei 1877 in die Gereformeerde kerk van Burgersdorp in sy amp bevestig, deur kurator ds MPA Coetze (jnr). Die man wat enkele jare tevore die nuwe hoogleraar se vader in die openbaar so skerp tereggewys het omdat Postma snr se seuns, waaronder ook Petrus, hul opleiding aan Gill Kollege ontvang het.

Deel van die verrigtinge in die kerk was weer die ondertekening van die aangepaste Dordtse Formulier van Enigheid, waarmee hy hom aan die gesag van die kerkraad, die kuratore en die algemene vergadering (sinode) onderwerp het.<sup>27</sup>

Na afloop van die inhuldigingsceremonie het Postma, geklee in sy universiteitstoga, sy intreerde gelewer. Sy redevoering, oor die nut van die wetenskappe vir die teologie, het geleerde en ongeleerde geboei: "Zij bevatte diepte en eenvoudigheid beiden."<sup>28</sup>

Die 24-bladsy handgeskrewe intreerde,<sup>29</sup> wat ook gepubliseer is as byvoegsel tot *De Maandbode* se uitgawe van 1 Junie 1877, is inderdaad 'n boeiende en besonder insiggewende dokument. Enersyds toon hy die verband aan tussen die wetenskappe en die teologie, en andersyds, daaruitvoortvloeiend, die gewigtigheid van die amp wat hy nou aanvaar. Die gedagtes en sentimente wat uit hierdie optrede en woorde van Postma spreek, sou in menige opsigte die gees en karakter van die latere universiteit waarvan die hoeksteen hier en nou gelê is, weerspieël.

Petrus Postma is aan die woord.

Waar die ensiklopedie van die wetenskappe, die wetenskaplike verbintenis van alle wetenskappe, algemeen aanvaar word, hoef hy net bewyse aan te voer waarom die teologie nie in die sirklus van wetenskappe wegelaat kan word nie. Hiervoor maak hy gebruik van uitsprake van 'n Franse teoloog, wat teologie beskou as "de meest uitgestrekte en vruchtbaarste" wetenskap, wat al die elemente van 'n liberale (edele) opvoeding bevat. Ook 'n beroemde Romeinse skrywer het gesê dat teologie invloed uitoefen op alle wetenskappe en dus as die moeder van die wetenskappe beskou kan word.

Postma lig die houbaarheid van sy stelling toe met voorbeeld uit die Griekse en Romeinse geskiedenis en uit die tyd van die Hervorming en wys op die adelaarsvlug wat die wetenskap, die geloof in die

waarheid, onder invloed van die Protestantisme ondervind het.

Maar hy wys aan die ander kant ook op die noodsaklikheid, inderdaad onmisbaarheid van die wetenskappe vir die teologie. Algemene kennis van hedendaagste tale – moedertaal veral, maar ook verwante tale soos Duits, Frans en Engels – verskaf "heerlike vrucht", terwyl die ou tale weer broodnodig is vir verklaring en verstaan en toegang tot die ver verlede ontsluit: "Aristoteles, Plato, Cicero en Tacitus worden ten onrechte oude schrijwers genoemd, zij zijn in den waren aard der zaak onze eigene tijdgenooten – in onze zedelijke en politieke gedachten, in de zaken welke de grootste betrekking hebben op het menschelike karakter zijn wij eenzelvig met hen."

Matesis (met verwysings na uitsprake van Pythagoras en Plato) en Geschiedenis (met "het verhaal slechts de grondslag of het steunpunt van de leerling die volgen moet") se noodsaklike plek en rol by die opleiding van bedienaars van die Woord word ook uitgespel. Wetenskaplike vorming vir teologie is bo alles nodig "om ons een volkomen helder, vast objectie oordeel te geven tegenover al de bewegingen die in de Kerk plaats vinden."

In die lig van die voorgaande wys hy gevolglik op die gewigtigheid van die betrekking wat hy nou aanvaar: "Want alzoo zal ik dus het fundament leggen, en het kan niet anders dan dat op dit fundament zal moeten staan het geheele gebouw van hunne verdere kennis, en dus ook het karakter van hunne levensbaan, in welke die kennis in beoefening zal gebracht worden. Ik zeide van te voren, dat de mensch weinig heeft dan wat hij door ondervinding verkregen heeft; deze ondervinding zal dus opgedaan worden gedurende de jaren dat de studenten zich bij mij oefenen in de wetenschappen, en gevolglik zal deze ondervinding veel invloed uitoefenen op hunne verdere studie, ja, indien ik eenigen invloed op hen uitoefen, zal deze hun bijblijven op hun verderen levensweg in hun beroep. De invloed van een persoon, geplaatst in zulk een gewichtig ambt als dat ik heden heb aanvaard, is in den kring zijnen omgeving en werkzaamheden, overal aanwezig evenals die electriciteit in vele stoffen aanwezig is, ofschoon zij in sommige slechts met de fijnste instrumenten kan opgemerkt worden."

Postma wei dan verder uit oor die belangrike rol wat die onderwysers speel in die vorming van onervare studente, "die nog niet vele zaken kunnen doorzoeken" en wat hulle vervolgens op die onderwyser se oordeel verlaat. Tereg so, sê Postma, "want de bestuurders van een school of Universiteit zullen met zooveel mogelijk zorg dragen dezulken aan te stellen als onderwijzers op wier gevoelens de studenten kunnen bouwen".



7. Ook meen ik vrijmoedig te kunnen verklaren dat er onder de Studenten onderling heerscht geregeld door de Studenten zijn bijgewoond, en een broederlijke stemming, althans ik bespeur zoo ver ik kan bespeuren de lessen altoos met nooit iets van het tegendeel. Tevens dat zij ons goede ijver bestudeerd zijn. Docenten alle genoeg verschaffen door hun stichtelijk gedrag en bestendigen ijver in het bijwonen en behartigen van de lessen.

Wel-Eerwaarde Heeren!

Hiermede hoop ik een getrouw verslag van de school gegeven te hebben, mede in naam van mijne Collega den Professor Litterarum, mocht echter onze aandacht iets ontgaan zijn, wij zijn bereid op uwe vragen des aangaande U Ew met verdere mededeeling te dienen.

Uw dwd.,

D. POSTMA, Rector.

### B I J L A G E I I .

#### DE SERIES VAN DEN PROFESSOR LITTERARUM.

Burgersdorp, April, 1877.

Den Wel-Eerw. Heer D. Postma, Rector aan de Theol. School. te Burgersdorp.

Wel-Eerw. Heer!

Op U verzoek geef ik U een verslag van de vakken waarin ik onderwijs geef aan de Studenten.

Eerst zal ik opnoemen deuren gedurende welke wij op elken dag der week bezig zijn, en daarna de vakken waarin gedurende die uren onderwijs gegeven wordt.

Welke zijn als volgt:

Maandag : 9—10 Latijnsch.

10—11 Hollandsche taal.

11—12 Aardrijkskunde.

2—2½ Engelsche taal.

2½—3½ Algem. Geschiedenis.

Dingsdag : 9—10 Grieksch.

10—11 Algem. Geschiedenis.

11—12 Aardrijkskunde.

2—2½ Engelsche Letterkunde.

2½—3½ Hollandsche Letterkunde.

Woensdag : 9—11 Rekenkunde—Algebra—Geometrie.

11—12 Rekenkunde.

2—2½ Engelsche taal.

2½—3½ Hollandsche taal.

Donderdag : 9—10 Latijnsch.

10—11 Algem. Geschiedenis.

11—12 Rekenkunde.

2—2½ Angelsche Letterkunde.

2½—3½ Hollandsche Letterkunde.

Vrijdag : 9—10 Grieksch.

10—11 Kerk Geschiedenis (vrijwillig).

11—12 Disput College.

12—12½ Natuurkunde,

Verder heb ik op te merken dat de lessen zeer goed voorbereidend onderwijs gebied word, van 'n professor aan die Teologiese Skool uitgaan: "Uit het

Dit is alles dat ik nooddig acht te melden.

Met alle hoogachting,

Uw dwd.,

P. POSTMA,

Professor Litterarum.

### B I J L A G E I I I .

Het ondertekenings formulier van den Professor Litterarum bij de Installatie met een plechtig "Ja!" beantwoord.

En opdat nu aller ooren mogen horen dat Gij in de bediening, die U wordt toegetrouwde, onder opzien tot Gods genade, getrouw wenscht te zijn, zoo verzoek ik U, Wel-Edele en Zeer geleerde Heer, op te staan voor het aangezichte Gods en Zijner gemeente, die hier vergaderd is, en aan te horen het formulier van ondertekening dat door onze Dordtsche Synode is opgesteld, en dat Gij met een plechtig "Ja" kunt beantwoorden.

"Ik ondergetekende Professor Litterarum aan de Theologische School der Gereformeerde Kerk van Zuid-Afrika, opgericht te Burgersdorp, Kaap Kolonie, verklaar oprechtelijk en in goede conscientie voor den Heere, volgens mijne ondertekening en met dit mijn antwoord, dat ik van harte gevoel en geloof, dat al de artikelen en stukken der leer, in de Formulieren van Eenigheid der Gereformeerde Kerk in Nederland (de Geloofsbelijdenis, den Catechismus en de Leerregels van de Synode van Dordrecht Ao. 1618—1619) begrepen, in alles met Gods Woord overeenkomen. Beloof derhalve dat ik de voorzeide leer naastig zal leeren en getrouwelijc voorstaan, zonder iets tegen dezelve leer, hetzij openlijk of heimelijc, hetzij direct of indirect te leeren of te schrijven.

Gelyk ook dat ik niet alleen alle dwalingen, tegen deze leer strijdende en met name ook die in de Synode van Dordrecht, in 1618—1619, zijn veroordeeld, verwerp, maar dat ik cok genegen ben dezelve te wederleggen, tegen te spreken en allen arbeid aan te wenden om dezelve uit de Kerk te weren.

En indien het zou mogen gebeuren, dat ik na dezen enig bedenken of ander gevoelen tegen deze leer kreeg, beloof ik, dat ik hetzelde noch openlik noch heimelijc zal voorstellen, leeren of verdedigen met leeren of schrijven. Dat ik hetzelde alvorens den Kerkeraad; Algem. Vergaderen Synode zal openbaren, om daar onderzocht te worden, of ook aan het Cellegie der Curatoren, bereid zijnde ten allen tijde mij het oordeel des Kerkeraads, Algem. Vergadering of Collegie van Curatoren gewillig te onderwerpen, op straffe dat ik hiertegen doende, metterdaad (ipso facto) van myn schooldienst afgezet val zyn.

En indien de Kerkeraad, Algem. Vergadering of

#### 1.2.4

**Gedeeltes van die eerste werksopgawe en verslag van literariese professor Petrus Postma, April 1877 en die Formulier van Enigheid wat hy met ampsaanvaarding moes onderteken. (De Maandbode 1.6.1877)**

Nader aan eie bodem, wys Postma op die gewigtige invloed wat, vanweë die min inrigtinge waar "goed voorbereidend onderwijs" gebied word, van 'n professor aan die Teologiese Skool uitgaan: "Uit het

nauw verband van de wetenschappen en de Theologie volgt het dat mijne betrekking van even zooveel, indien niet van meer, gewicht zal zijn, dan die van een Evangeliedienaar in het bijzonder, daar zijn invloed zich




meestal beperkt tot zijne gemeente, maar de mijne zich zou kunnen uitstrekken tot vele gemeenten, en zoo te zeggen in verband staat met het toekomstig karakter van onze kerk."

Vir Postma is die verantwoordelikheid van die nuwe pos byna te swaar. Die gedagte dat dit nie die verwesenliking van 'n jarelange ideaal is nie "maar als het ware eene besturing van Gods Voorzienigheid", gee hom moed. En hy verwys vlugtig na sy verlede: "Het is hier niet de plaats om U te vertellen de verledenen lotgevallen mijns levens en U te verhalen hoe ik hierheen geroepen ben, maar terugziende op het verledene, schijnt het mij: 'Het is van den Heere.'"

Aan die einde van sy rede rig Postma die gebruiklike woorde tot die adres van die edelbare here kuratore, die weledele here studente, die aanwesige eerwaarde "leeraren" (predikante), sy geagte "broeder" wat vroeër die amp beklee het (swaer Jan Lion Cachet). Maar ook aan "Eerwaarde Rector, én mede professor, én geliefde Vader!" Hy bring openlik hartlike en opregte dank "voor uwe welmeenende pogingen, die Gij tot mijn welzijn en geluk in het werk gesteld hebt, en waardoor alleen – met de hulp Gods – ik heden in staat ben deze betrekking op mij te nemen ... Moge God geven dat Gij in de vruchten van mijn werk alhier – onder Gods zegen – uwen arbeid en uwe zorg moogt beloond zien!"

Na sy diensaanvaarding in Februarie 1876 het Petrus Postma dadelik aan die werk gespring en moes hy reeds in April aan sy rektor-pa verslag doen van sy "series" of sillabus, vir deursending na die kuratore. Hierdie verslag bied 'n beeld van die omvang en standaard van die akademiese onderrig wat met die totstandkoming van die Literariese Afdeling/Departement vaardig was.

In Mei 1877 rig rektor Dirk Postma "een goed woord tot de Curatoren, hun geluk wenschende met het goede uitslag van de eerste proeve van het litterarisch examen": studente CJH Venter en HB Vorster het die eksamens suksesvol afgelê.<sup>30</sup> En aan die einde van die eerste jaar, tydens die jaarlikse herdenking van die stigting van die Teologiese Skool, knoop hy sy feesrede aan by Romeine 4 vers 18 en spesifiek die woorde betreffende Abraham, wat teen hoop op hoop geglo het. So was dit ook van meet af aan met die Skool, sê hy, maar die hoop het nie beskaam nie: onlangs is 'n onderwyser afgelewer, naas vyf predikante, en die studentetal staan tans op sewe.<sup>31</sup> In hul verslag aan die 1879-sinode het die kuratore ook getuig van die goeie funksionering van die nuwe stelsel. Behalwe die twee literariese studente, het drie ander studente die goewermentsonderwyserseksamen met sukses afgelê. Daar is tans drie teologiese studente, drie "in de letteren" en nog drie wat hulle vir die admissieeksamen voorberei.<sup>32</sup>



### 1.2.5

*Antoine Charles August van Rooy, eerste onderwyser vanuit die Teologiese Skool, 1878.*

Volgens die studenteregister van die Teologiese Skool was Antoine Charles August van Rooy van Burgersdorp, wat op 1 Oktober 1878 die skool verlaat het met die toepaslike "Gouvernements diploma als onderwijzer der jeugd", die eerste student wat hom as onderwyser aan die Teologiese Skool/Literariese Departement bekwaam het. Hy het reeds op jong ouderdom sy opleiding by sy vader, onderwyser van die tweede rang in Nederland, ontvang "maar het laatste jaar bij ons", lui dit in die betrokke register.<sup>33</sup>

Hoewel die register geen melding daarvan maak nie, was Dirk Postma (D-seun) en Louis Petrus Vorster die ander twee wat die onderwyserseksamen suksesvol afgelê het. Anders as Van Rooy, wat wel gaan skoolhou het, het Postma en Vorster hul studies voortgesit, in 1881 hul matrikulasië voltooi en hulle daarna as predikante bekwaam.<sup>34</sup> In Mei 1882 het die 18-jarige Gerrit Hendrik Jacobus Kruger (Ventersburg, later Venterstad) sy studies as predikant gestaak omdat sy pa "geene kans meer ziet hem hier langer te laten". Kruger het wel in Oktober 1881 die onderwysdiploma aan die Teologiese Skool voltooi. Op sy beurt was Adrianus Postma (nog 'n seun van professor Dirk) die eerste persoon wat, na aflegging van matrikulasië aan die inrigting, hom in 1884 elders heen begeef het "om te gaan studeeren voor Procureur Notaris".<sup>35</sup> Teen 1920 het Adrianus, ook bekend as Arie, in Potchefstroom gepraktiseer.<sup>36</sup>

In die literatuur oor die Teologiese Skool is daar 'n verdere dwaling oor onderwysopleiding. In sy doktorale studie oor die Teologiese Skool meld P Kruger aanvanklik dat geen onderwysers in die beginjare aan die Teologiese Skool afgestudeer het nie (p 41), maar beweer hy pas hierna (p 50) dat drie studente aan die Teologiese Skool (hy noem ook hul name, naamlik JH van Manen, PF Joubert en AW van Zyl) reeds die onderwyserseksamen in 1874 afgelê het, vóór die reorganisasie van 1876. Die feit is dat hulle name glad nie op die register van studente vir die tydperk voorkom nie en dat hulle dus nie studente van die Teologiese Skool was nie. Heel waarskynlik was hulle leerlinge van die Albert Academy, wat wel ook onderwysers opgelei het.



Kruger gebruik hierdie foutiewe stelling ter stawing van sy standpunt “dat vakke vir ander beroepe wel aan die Teologiese Skool gedoseer is” en dat dit dus geregtig is om die stittingsdatum van die PUK met dié van die Teologiese Skool in 1869 te verbind (pp 37-41). Dit is natuurlik nie korrek nie, soos telkens in hierdie studie uitgewys word.

Die Burgersdorp Gazette het die onvermoeide werk van die literariese professor vir lof uitgesonder. Dit was duidelik dat die wyer visie wat die reorganisasie van 1876/77 ten grondslag gelê het, besig was om vrugte af te werp. Die Teologiese Skool was stadig maar seker besig om ‘n breër basis te kry as bloot net die opleiding van predikante.

Wat akademiese peil betref, is die visier steeds fyner gestel. Die 1879 sinode het ‘n aanbeveling van die kuratore aanvaar dat ‘n matriksertifikaat voortaan ‘n voorvereiste vir toelating sou wees. Hierbenewens sou studente hulle moes onderwerp aan ‘n verdere ondersoek deur die kuratore in die vakke deur die sinode voorgeskryf.<sup>37</sup>

Ds Dirk Postma, wat in sy waarnemende hoedanigheid in die pos van teologiese professor ook die rektorskap van die Teologiese Skool behartig het, het nie alleen figuurlik nie, maar ook letterlik as vaderfiguur vir die ontwikkelende Literariese Departement gediend. Die pa-en-seun kombinasie vanaf 1877 was die begin van ‘n sage waarin die afstammelinge van hierdie vermaarde kerkleier oor baie jare heen ‘n prominente rol in hierdie ontwikkeling sou speel. Van tyd tot tyd sou die rolpelers in hierdie sage verwissel.

Soos ooreengekom, het die waarnemende termyn van ds Postma as teologiese professor ten einde geloop en moes die pos tydens die 1879 sinode opgevul word. Onder die agt nominasies was daar vier vanuit Nederland: naas die bekende Postma-vriend prof Heliënius de Kock, was daar ook sy 33-jarige kollega aan die Teologiese Skool van Kampen, prof A Steketee, ds L Lindeboom (34) van Zaandam en ds W Gispen van Zwolle. Lindeboom sou in 1882 ‘n professoraat te Kampen aanvaar. Die uiteindelike drietal was ds Dirk Postma, ds LJ du Plessis en prof De Cock. Ds MPA Coetzee jr was die agtste kandidaat op die aanvanklike lys.<sup>38</sup>

Die oorweldigende meerderheid waarmee Postma verkies is (met 41 uit die 48 stemme) het onomwonde getuig van die groot vertroue wat in kerkverband in hom gestel was – ten spye van sy eie volgehoue bedenkinge oor sy akademiese bekwaamheid, soos weer per brief aan die sinode uitgespel.<sup>39</sup>

Die voortgesette samewerking tussen pa en seun as professore aan die Teologiese Skool was egter van



### 1.2.6

**Prof C Steketee (links) en ds L Lindeboom – twee van vier Nederlandse kandidate vir die teologiese professoraat in 1879.**

korte duur. Prof Petrus Postma het intussen, te midde van al sy akademiese aktiwiteite, sy teologiese studies voltooi en in November 1879 word hy in die plek van sy pa Dirk as predikant van Burgersdorp beroep. Hy aanvaar dit en dien sy bedanking as professor in.<sup>40</sup>

Nie dat hy iets gehad het teen die doseeramp nie, motiveer Petrus sy optrede; dis net dat hy meer aangetrokke voel tot werklike evangeliediens. Maar, tot vreugde van die kuratore, help hy darem nog uit totdat sy opvolger die pos in Julie 1880 aanvaar.<sup>41</sup>

Sy opvolger was niemand anders nie as sy jonger broer, Marthinus Postma,<sup>42</sup> die man wie se studiejare saam met broer Petrus aan Gill Kollege, byna twee dekades tevore, die wenkbroue van sommige sinodegangers in 1873 laat lig het. Nadat hy die BA-graad behaal het, was hy aanvanklik hulp-onderwyser aan die Albert Academy voordat hy as hoof van die publieke skool te Aliwal-Noord aangestel is.<sup>43</sup>

### 1.2.3 Geleidelike groei – Marthinus Postma

Vir ‘n verdere dekade lank – die tagtigerjare – sou die nuwe Postmakombinasie van pa en seun na die akademiese sy van die Teologiese Skool en die groeiende Literariese Departement omsien. En het hulle hul taak verrig in die gees van Spreuke 8, wat handel oor die uitnemendheid van die wysheid. Spesifiek is aangesluit by vers 13, wat as “leus der School – ook der professoren – bij al het onderwijs ook in de wetenschappen”, voorgehou is: “Die vrees van die Here is om te haat wat sleg is; hoogmoed en trotsheid en ‘n slechte wandel en ‘n huigelagtige mond haat ek.”<sup>44</sup>

Soos sy voorganger-broer, is die nuwe professor ook feestelik langs die pad ontvang, die seënbede van Psalm 134 vers 3 toegesing en toe die dorp binnegelei. Met apologie jeans onbekwaamheid om selfs ‘n oorsig te



## 1.2.7

**Marthinus Postma, opvolger van broer Petrus.**

gee in beknopte kolomme van die nuwe professor se "geleerde betoog", rapporteer die plaaslike blad dat Postma breedvoerig gehandel het oor die taak wat hy sou moes vervul en oor die waarde wat hy heg aan die bekwaamheid van sowel onderwysers as predikante.

Maar die *Burgersdorp Gazette* rig hom eintlik tot die senior Postma, wat met trots kon toesien hoedat sy een seun sy plek op die plaaslike kansel inneem en die jonger een sy kollega word om te sorg vir die opleiding van onderwysers en predikante: "Er wordt tot nog toe in Zuid Afrika zeer weinig ingezien welke groote verlichting en vooruitgang er veroorzaakt is door zijne enkele en onafgebroken inspanningen." Met inagneming van die harde konserwatiewe element waarmee hy te doen had en die teenstand waarmee hy moes worstel, veelal van Christelike genootskappe, beskou die blad Postma se werk as ongeëwenaard in Suid-Afrika.<sup>45</sup>

Dat die Teologiese Skool teen die begin van die tagtigerjare nog nie juis status na buite gehad het nie, blyk duidelik toe die Kaapse regering teen die einde van 1880 geweier het om, op versoek van beide professore,

vrystelling van militêre diens te verleen aan twee studente wat eksamens moes skryf. Prof Dirk Postma het by professor Murray van die Victoria Kollege navraag gedoen en per brief bevestiging gekry dat daar wel vrystelling gegee is aan Stellenbosse studente wat in 'n Basoeto-oorlog moes gaan diens doen.<sup>46</sup>


Iets meer as twee jaar later, in 1883, kry Postma die geleentheid om Kaapse premier Scanlen met die voorval te konfronter, toe dié besoek op die dorp aflê. En kry hy die belofte dat die betrokke wet gewysig sou word, ten einde die "veel ongemak", soos Postma dit genoem het, in die toekoms uit te skakel.<sup>47</sup>

Die kwessie van standarde het ook ter sprake gekom toe die opleiding aan die Teologiese Skool in Mei 1881 deur die koerant *Het Volksblad* verkleinerend vergelyk is: toelatingeksamens tot die kweekskool verskil weinig van dié wat vir toelating as studente by Stellenbosch vereis word.<sup>48</sup> Rektor Postma het die blad vriendelik verwittig dat hulle die fout maak om die admissie-eksamen en die literariese eksamen met mekaar te vereenselwig. Hy gee toelichting: "Door het admissie examen gepasseerd, kan iemand zich als student in de letteren bij onze Theol. school laten inschrijven, en studeeren voor onderwyzer der jeugd en voor litterarische examens aan de Universiteit in de Kaapkolonie. En ook tot het litterarisch examen, om over te gaan tot de Theol. studie aan onze school."

Postma wys verder daarop dat sodanige studente vooraf bewys moet lewer dat hulle die Universiteitsmatrikulasie-eksamen in die Kaapkolonie geslaag het, of 'n gelykstaande eksamen. Nee, meer nog: die kuratore kan ook nog verdere bewyse aanvra van dit wat hulle nodig ag. Maar Postma het tog gedeeltelik toegegee: "Voor het tegingswoordigheid moge de standaard nog wel niet zeer hoog zijn maar wij streven steeds naar hoger, ook op wetenschappelijk gebied."<sup>49</sup>

In Augustus 1881 rapporteer rektor Postma in sy kerkblad dat dit goed gaan met die Teologiese Skool en dat drie van die vyf studente vanjaar met matriek en die ander twee met die onderwyserseksamen besig is. Agt kwekelinge het die afgelope skooljaar aangemeld en ses van hulle bied admissie aan. Die koms van hierdie agt nuwelinge en gereelde Sondagaandse byeenkomste "draagt ook veel bij tot de levendigheid in den omgang", tot oefening vir geestelike kennis en verinniging van hul Christendom.

Postma meld verder dat die studente almal lede of kinders van lede van "onzer Kerk" is - en hy maak veral melding van die blinde student Frans Kruger, wat "zeer dorstende naar kennis, ook met ons verlof vele van onze lessen bijwoon en met de studenten en kwekelingen omgaat als een hunner". Hy lees die Bybel in Hollands en Engels "met verheven letter" en het verdere



### 1.2.8

*Met Stephanus se aanstelling as assistent in Oktober 1883 was die opleiding dus heeltemal in die hande van pa Dirk en sy twee seuns. Marthinus sit regs op die foto.*

hulpmiddele vir lees en skryf in Engels aangeskaf. Sy geselskap dra veel by tot die godsdienstige stemming onder die studente. In sy ondersteunende verslag dui literariese professor Marthinus Postma aan hoedat hy ekstra moeite gedoen het om die matrikulante voor te berei vir die komende eksamen.<sup>50</sup>

Byna asof ter onderskraging van Postma se verweer teen die kritiek van buite, kon die Teologiese Skool kort hierna verskeie "goeie tydings" boekstaaf. Al drie studente – nog twee seuns van vader Postma, naamlik Stephanus en Dirk, en LP Vorster – het die matrikulasië-eksamen geslaag. Die uitslae is bemoedigend vir die dosente en veral vir prof M Postma, wat "met meer dan gewone inspanning" by hul opleiding betrokke was. En ouers kon nou sien dat hul kinders net so goed in hul eie skool kon vorder as elders.<sup>51</sup> Met laasgenoemde uitspraak het redakteur Dirk Postma, vader van Stephanus en Dirk, dus onomwonne alle twyfel wat in 1873 oor sy lojaliteit teenoor sy eie maaksel mog bestaan het, uit die weg geruim.

Maar daar volg nog verdere goeie tyding: slimkop Stephanus Postma het 'n beurs van £30 vir twee jaar verwerf, vir graadstudie. En wat meer is, hy onderneem hierdie studie vanuit die Teologiese Skool.

Die kerkmondstuk sien dit as 'n besondere voorreg dat grade van 'n universiteit verwerf kan word sonder om spesifiek aan 'n skool verbonde te wees. Nie alleen verminder dit kostes nie, maar bied dit ook geleentheid "onze jongelingen onder ons eigen opzicht te zien studeeren".<sup>52</sup>

Het *Volksblad*, wat hom kort tevore nog enigsins verkleinerend uitgelaat het oor die standaard van die opleiding te Burgersdorp, het nou 'n effens anderse deuntjie gesing. Verwysende na die gunstige

eksamenuitslae, waarmee onderskeidelik die 13de, 23ste en 35ste plekke (uit 61) behaal is, en na die "eervolle vermelding" van Stephanus Postma, wys hy daarop dat die literariese professor, wat sy opleiding geheel in Suid-Afrika gehad het, "een bijzonder goed figuur maakt".<sup>53</sup>

Verdere goeie nuus en bevestiging van standarde volg vroeg in die volgende jaar: twee van die voorgenoemde studente, D Postma en LP Vorster, het die literariese eksamen met lof geslaag en studeer nou vir predikant. Twee ander was in Maart onder die 256 uit 414 studente wat die elementêre eksamen van die UCGH geslaag het, onderskeidelik 23ste (GF Coetzee) en 63ste (A Postma) op die lys.<sup>54</sup>

Uit die gereelde verslae van die rektor en sy kollega aan die kuratore blyk dit duidelik dat die oorwig akademiese werksaamhede teen hierdie tyd na die kant van die Literariese Departement oorgehel het. In 1881 berig prof Dirk Postma dat hy die jaar eintlik nie teologiese klasse gehad het nie en inderdaad vier oggende per week van 8-uur tot 1-uur aan sy kollega hulp verleen het.<sup>55</sup>

Finansieel het dit van meet af aan met die Teologiese Skool maar broekskeur gegaan en het die nood in die tagtigerjare voortgeduur. Tydens die sinode van 1882 hoor die afgevaardigdes dat die penningmeester £68 moes leen en dat daar nog £180 skuld is nadat die pastorie opgeknap is. Gemeentes moes opgeskerp word om agterstallige bydraes te lewer.<sup>56</sup>

Wat studentetalle betref, gaan dit enersyds nie goed nie, andersyds wel. Sedert drie studente in Mei 1880 as predikante afgestudeer het, het die teologiese professor geen studente nie en verleen hy hulp aan sy kollega, wat alleen nie al sy werk kan hanteer nie. Deur die professore en die kuratore is 'n versoek gerig vir die aanstelling van 'n tweede professor "in de wetenschappen of letteren", maar 'n sinodale kommissie het berig dat die kerk se finansiële situasie dit nie sal kan bolwerk nie. As alternatief tot die aanstelling van 'n tweede professor, het prof Marthinus Postma sterk gepleit vir die oprigting van 'n voorbereidende skool. Die gedagte is goed ontvang, maar 'n kosteberaming deur die kommissie het aangedui dat dit nie nou haalbaar was nie. Dan nou maar na die gemeentes en 'n volgende sinode verwys, was die sinode se reaksie.<sup>57</sup>

Prof. Marthinus Postma het sy taak as professor in die literariese afdeling met groot erns benader en die kuratore versoek om 'n gekwalificeerde onderwyser aan te stel, ten einde hulp te verleen met die literariese vakke, en om jongelinge vir die admissie-eksamen op te lei. Die saak is, saam met 'n beskrywingspunt hieroor, na die volgende sinode verwys.<sup>58</sup>



Prof Dirk Postma het op sy beurt, maar sonder sukses, gevra of daar dan nie maar 'n gekwalificeerde onderwyser teen 'n mindere salaris as hulp vir sy kollega aangestel kon word nie. Hy beklemtoon die waardevolle werk wat deur die Literariese Departement gedoen is, toon aan hoedat "sinds eenigen tijd kweekelingen geholpen worden tot hun admissie examen; ook studenten bevorderd tot het onderwyzers examen en tot hoogere litterarische graden bij 's lands Universiteit, behalve de gewone opleiding tot het Litterarisch Examen".

Die behoefte aan meer studente (die getal vir 1882 was slegs 10) is ook deur Postma in sy abortiewe voorstel aangespreek: verbreed die basis van die voorbereidende skool "dat elk jongetjie en jongeling kan geplaats word onder goedkeuring van die beiden Professoren, hetzij dan al of niet tot onze Kerk behoorende". Nee, meer nog: "En de vereischte van lidmaatschap omschreven bij art. 8 der *Algemeene Synodalen Bepalingen* kom voortaan alleen te pas bij het Litterarisch Examen om tot de Theol. studie over te gaan."<sup>59</sup>

As agtergrond dien die feit dat rektor Postma reeds in Desember 1880 aangestip het dat 'n versoek om toelating as kwekeling van 'n jongeling van 'n ander kerkgenootskap ontvang maar uitgestel is, om eers die kuratore se advies in te win. In Mei die volgende jaar het die professore, op advies van die kuratore en met 'n beroep op artikel 8 van die Sinodale Bepalings, die versoek afgekeur.<sup>60</sup>

Synde een van vier voorstelle op die tafel waaroor wel bespreking gevoer is, word geen spesifieke besonderhede in die notule weergegee nie en 'n mens weet nie hoe hierdie dapper poging van Postma ter verbreding van die eng-kerklike basis vir studente-inname ontvang is nie.

Postma se aantekeninge en die notules van die Kuratorium bevat ook verwysings na korrespondensie wat hierna met 'n sekere Vermooten asook met JE Smit, 'n NG-lid vanuit die Albert (Burgersdorp) distrik, gevoer is oor die toelating van studente van ander kerkgenootskappe. Oor eersgenoemde geval kon geen nadere besonderhede verkry word nie, terwyl dit die Kuratorium "leed doet dat het niet in staat is" om aan Smit se versoek ten behoeve van sy seun AP Smit te kan voldoen nie, dieselfde artikel 8 bo genoem synde die blokkasie.<sup>61</sup>

Dat daar wel teen hierdie tyd in wyer kringe kennis geneem is van dit wat te Burgersdorp gedoen is, blyk uit 'n opmerking van die Kaapse blad, *De Zuid-Afrikaan*, wat in Julie 1883 rapporteer dat die Gereformeerde kweekskool "weder getoond heeft dat zij op de hoogte

van den tijd is". Hierdie positiewe kommentaar is ontlok deur die prestasie van die jeugdige Stephanus Postma, wat die tusseneksamen vir die BA-graad met lof geslaag het. En 'n jaar later word lof toegeswaai aan dosent Marthinus Postma, wat met deeltydse studie sy MA-graad verwerf het.<sup>62</sup>

In 1883 is daar agt studente, waarvan twee in teologie, ses in lettere (drie kweekelinge vir admissie inkluis). Die rektor is nou weer druk besig met teologie-opleiding, maar verleen steeds deeltydse hulp in die literariese afdeling en in die voorbereidende vakke (kweekelinge).<sup>63</sup>

In 1884 styg die studentetal na 11, waarvan nege vir lettere, met twee kweekelinge vir admissie. Ten spye van sy normale hulpverlening, rapporteer rektor Postma dat die vakke steeds te veel en te uiteenlopend is. Sy literariese kollega was heeltemal oorlaai met werk en het nie kans gesien om die paar matrikulante vir eksamens dié jaar voor te berei nie. Hy het volle begrip daarvoor, maar voel nie om die ouers van die kandidate teleur te stel nie en het toe, ná raadpleging van sy kollega, die bekwaamste student (seun Stephanus Postma), wat reeds die tusseneksamen vir BA afgelê het, vanaf Oktober 1883 as assistent in die literariese afdeling aangestel.<sup>64</sup>

Al 10 studente aan die Teologiese Skool in die 1884-85 skooljaar bevind hulle in die Literariese Departement en gevoglik verleen rektor Postma maar weer daar hulp.<sup>65</sup> Marthinus Postma dui in sy gereelde verslag aan dat die 10 studente "gemakkelijk" in vier klasse verdeel is, nl. een vir BA, twee in die literariese klas, drie vir matriek en vyf in die vierde klas. Vier van die studente is op die punt om eksamen af te lê.

Die jonger Postma gee ook verslag van die lesure bestee aan die verskillende afdeling: saam met die drie klasse wat sy kollega behartig, word daar daagliks ruim drie tot vier ure aan elke klas bestee. Boonop hanteer hy self Saterdagoggende nog die literariese en matrikulasie klasse, vanaf halftien tot twaalfuur, "tot hunne betere voorbereiding". En dit, sê Marthinus Postma, terwyl die sinodale bepalings neerlê "dat de professoren niet boven de vijf uren op den dag, vijf dagen per week verplicht worden en de studenten niet boven vermogen bezwaard worden".<sup>66</sup>

Weens die baie en uiteenlopende vakke vir die verskillende eksamens was die afgelope jaar vir hom 'n jaar van groot inspanning. Desnieteenstaande straal optimisme en 'n positiewe gesindheid uit die verslag: "Door Gods Goedheid, echter, mocht ik steeds een volmaakt gezondheid genieten, en kracht tot het veelzijdige werk verkrijgen, en zie ik met innige dankbaarheid en veel genoegen op de aangelegde loopbaan terug."<sup>67</sup>



### 1.2.4 Rooiletterjaar 1885

Op akademiese gebied was die jaar 1885 inderdaad 'n rooiletterjaar vir die inrigting en in die kuratore se driejaarlikse verslag aan die sinode is gemeld dat die professore se werk steeds met veel seën bekroon is. Twee studente het hul proponenteksaam afgelê, een die intermediate BA en twee matriek. 'n Verdere tiental was nog besig met hul studies: een vir BA, een literaries, drie matriek en vyf in die vierde klas.<sup>68</sup>

Dat daar werlik erns gemaak is met die opleiding aan die Teologiese Skool met sy ontlukende Literariese Departement blyk uit die feit dat ook tydens die sinode van 1885 verdere verfyning aan die opleiding gedoen is.

Die skemas van die admissie- en literariese eksamsens is hersien en voortaan sou matriek en die literariese eksamen as interne voorvereistes dien vir teologiese studie. 'n BA-graad van die "Kaapsche Universiteit" (Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop) of elders verwerf, sou ook toelating tot die teologiese studie

gee, maar dan moes Hollands as moderne taal deel uitgemaak het van sodanige studie. Indien dit nie die geval was nie, sou 'n bykomende eksamen in Nederlandse taal en letterkunde afgelê moes word.<sup>69</sup>

Die vakke vir die admissie-eksamen was Hollands, Engels, Rekenkunde, Algebra, Geometrie, Geskiedenis van Suid-Afrika en Aardrykskunde terwyl vir die literariese eksamen die vakke Nederlandse taal en Letterkunde, Grieks, Latyn, Algemene geskiedenis en Geskiedenis van Suid-Afrika asook Logika en Retorika onder die knie gekry moes word.<sup>70</sup>


Ietwat van 'n vals noot in die 1885-melodie was die feit dat die werkslas van die twee professore van so 'n omvang was dat die kuratore tydens die sinode 'n spesiale versoek gerig het dat voorlopig nie oorgegaan word tot die implementering van die gewysigde regulasies betreffende die admissie- en literariese eksamsens nie.<sup>71</sup>

Nie alleen was die dosente se werkslas 'n doring in die vlees nie: in die geheel is swaar gebuk gegaan onder die druk van onvoldoende fondse en moes daar selfs geld geleent word om die professore se salarisste te betaal – wat die kuratore met 'n skuldas van £470 gelaat het.<sup>72</sup>

In die debat hieroor het prof Dirk Postma, verwysende na die Teologiese skool as "de ziel der Kerk", gevraaglijke sien flikker en 'n beroep op gemeentes gedoen om geldelike hulp te verleen. Die penningmeester wys ook daarop "dat met besluiten van opwekking men ook soms niet verder komt en er nu dadelijk een plan voor de schuld moet gemaakt worden".<sup>73</sup> Die gees onder die sinodegangers was egter positief: "Door verschillende leden worden nog hartelijke woorden gesproken om plannen te beramen om de zaak der Theologische School in orde te brengen." Die kuratoreskuld is daar en dan afgeskryf.<sup>74</sup> Tydens die sinode is ook, op initiatief van die kuratore, 'n vaste rentefonds gestig ten einde te help om die finansiële las van die Teologiese Skool te verlig. Oor hierdie saak sou later nog vele swarde gekruis word ...

Intussen is 'n groot mylpaal in die annale van die Teologiese Skool bereik en wel toe Stephanus Postma in 1885 die eerste student word wat vanuit hierdie geweste 'n BA-graad deur die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop verwerf. Meer nog: hy verwerf die graad met lof, behaal in die proses die meeste punte van al die kandidate en verower sodoende 'n beurs vir verdere letterkundige studie.<sup>75</sup> Hierbenewens het die jong Ph(ilippus) Snijman ook die matrieksaam met goeie gevolg afgelê en is daar gewag gemaak van die "heerlijken vruchten" op die professore se arbeid.<sup>76</sup>

Stephanus se dosent en ouer broer, Marthinus Postma, het in 'n formele verslag aan die rektor (hulle pa) die



#### 1.2.9

**Graadsertifikaat M Postma.** By al sy bedrywighede as dosent het Marthinus Postma, net soos sy voorganger-broer, homself verder in die wetenskap verdiep. So behaal hy in 1884 sy MA-graad en voltooi hy 1889 sy teologiese studies.



## 1.2 Vestiging Literariese Departement (1876-1888)

volgende te sê gehad oor die prestasie: "Maak ik de opmerking dat het verkrijgen van den graad van B.A. met zooveel honneur door S. Postma, aan de School ver boven mijne gedachte of verwachting was met het oog op de tegenwoordige inrichting der School en het veelzijdige werk." Hy loof die groot vlyt en inspanning van die student en hoop dat die prestasie tot die gewenste uitbreiding aan die skool sal lei "opdat mettertyd deze graad ook aan onze School met gewone studie kan verkrygen worden".<sup>77</sup>

In sy verslag verwys M Postma ook na die ernstige pokke-epidemie van 1885, wat albei die dosent-gesinne getref en tot gevolg gehad het dat die lesings vanaf 20 Julie tot 7 September verdaag moes word.<sup>78</sup> Inderdaad het presteerde Stephanus "als het ware van den rand des grafs" teruggekeer.

Die jong Postma se prestasie is met groot akklamasie begroet. Sy graadsertifikaat, asook die goue medalje wat deur die rektor uitgeloof is vir die beste prestasie op BA-vlak, is op 24 Oktober 1885 by 'n plegtige geleentheid in die skoollokaal en te midde van groot lofuiting deur hooggeplaastes, aan hom oorhandig.



### 1.2.10

**Stephanus Postma, slimkop en medaljewenner. Die volgende bewoording is op die medalje aangebring:**  
**"De goude medaille is van de grootte van een 2 Shilling-stuk. Is van eenen fraaien vorm en heeft als inscriptie 'S. Postma, B.A., van den Rector 1885.' En op de keerzijde: 'Theol. School der Geref. Kerk. Z. Afrika. Geleverd door Mr. C. Schweppenhauser, Juwelier te Burgersdorp.'**

"Het was een plechtig en aandoenlijk oogenblik toen de grijze Rector aan den Student het B.A. Certificaat overhandigende" en daarna die goue medalje om sy nek gehang het, beskryf *De Maandbode* die hoogtepunt van die byeenkoms.<sup>79</sup> Die rektor was natuurlik terselfdertyd 'n trotse pa, die grondlegger van die Teologiese Skool en, volgens eie erkenning tydens die verrigtinge die breinkrag agter die totstandkoming van die Literariese Departement/Afdeling waarbinne die besondere prestasie behaal is. En die student is inderdaad 'n seun om op trots te wees: hy het in 1877 op twaalfjarige ouderdom aan die Teologiese Skool ingeskryf, het sedertdien al sy eksamens met lof geslaag, en is nou met sy BA-graad topstudent in die land.

Stephanus Postma se prestasie was nie net 'n hoë eer vir die skool nie, maar dit het die Teologiese Skool in die algemeen en die Literariese Departement in die besonder op die kaart van tersiêre ontwikkeling in Suid-Afrika geplaas. Vir rektor Postma was die prestasie 'n klinkklare weerlegging van die beskuldigings dat hy en diegene wat hulle vir vrye Christelike onderwys beywer, teen onderwys en beskawing was. Die prestasie van Stephanus en ook dié van Marthinus, wat die vorige jaar sy MA verwerf het, is feite en resultate wat beskuldigings en aantygings teen hul werk en hul persone weerspreek. Moet nooit, maar nooit vergeet nie, maan Postma (snr) die jongeling, dat hy sy opleiding en sy hoë stand in die eksamen in daardie geringe opvoedkundige inrigting verkry het.<sup>80</sup>

Die plaaslike parlementslid, die heer MM Venter – self op sy dag student aan die Skool – het verwondering uitgespreek dat 'n skool wat hoegenaamd nik van die staat ontvang nie, sulke resultate kon oplewer. Hierdie prestasie, sê hy, bring mee dat daar nou in regeringskringe deeglik rekening gehou word met die Teologiese Skool.<sup>81</sup>

Soos te verwagte, was literariese professor M Postma ook verheug oor die prestasie van sy 10-jar jonger halfbroer. Die Teologiese Skool was op eg Christelike grondslag gevestig en die beginsel mag nooit prysgegee word nie: "Deze dag moet ons tot aanmoediging en bemoediging strekken om voort te gaan op den weg dien wij ingeslagen hebben, dan zullen wij steeds met's Heeren zegen zulke en dergelyke vruchten plukken. Deze School had dezen dag getoond dat zij met haar beginsel niet behoeft achter te staan, ja dat zij boven aan kan komen." En hy sien 'n vergesig dat daar binnekort in 'n groter saal byeengekom sal word "en niet met 8 of 10 studenten, maar met 40 of 50."<sup>82</sup>

Kurator ds MPA Coetzee (jnr) se hart wou van dankbaarheid "versmelten", by aanskoue van die vrugte van die daad van kerkstigting onder die bome in die Zuid-Afrikaansche Republiek; en dit, ten spyte van vervolging, verdrukking en teenstand. Daar word gevra



*MM Venter, LWV. Volgens die Studenteregister van die Teologiese Skool het Matthijs Martinus Venter (24) in 1880 as student ingeskryf, maar die volgende jaar die skool verlaat en hom in die handelswêreld begeef. Venter het skynbaar nie 'n sterk akademiese drang gehad nie. Op 17 Desember 1880 het die professore hom aangespreek oor nie-bywoning van lesings op twee agtereenvolgende dae, toe hy as betaalde sekretaris (scriba) tydens 'n samekoms van burgers moes optree. Hierdie eerste geval van "politieke" aktiwiteite in botsing met die akademie het nie juis die dosente aangestaan nie: "Wij hebben hem opmerkzaam gemaakt, dat, daar hij nog al meermalen absent is door ongesteldheid of private omstandigheden, wij het zeer onraadzaam voor hem achten wegens gezegde reden nu ook weer uit de lessen gebleven te zijn. En hebben hem ernstig geraden zoo iets liever niet te doen, daar hij om bekwaam te worden, op zijn gevorderden leeftijd, al zijn tijd, zijn krachten en attentie dient in te spannen om de noodige kundigheden te verkrijgen ..."*

*Op 14 April haal Venter weer Postma se "dagboek", toe hy as sekretaris by 'n vergadering van die Boere Beskermingsvereniging (BBV) moes optree. Hy het wel vooraf kennis gegee en sy opstel met 'n junior student aan Postma (snr) besorg, wat kennelik nie daarmee gediend was nie. In September 1881 het Venter wel die onderwyserseksamen geskryf, maar die professore se vrees is bewaarheid en hy het nie geslaag nie. Pas hierna het hy sy studies gestaak omdat hy "in een winkel bezigheid gaan".*

(TS-Argief, houer 29: D Postma notas, 17.12.1880, September en 4.10.1881)

waar die Christelike Skool dan is: "En hier staat die vrije Christelike School en die levert eene vrucht zoos geene School in dezen streken nog heeft geleverd. Die uitslag ... is een spoorslag om voort te gaan en die School krachtig te ondersteunen." Dit doen hom leed aan dat die kuratore nie in al die behoeftes van die Skool kan voorsien nie, maar hy hoop dat toestande spoedig sal verbeter.<sup>83</sup>

By hierdie geleentheid het prof Dirk Postma 'n belangrike uitspraak gemaak rakende die aanvanklike doelstellings en ontwikkeling van die Teologiese Skool: "In 1869 werd de Theol. School alhier opgericht, eerst enkel met het doel om tot het Leeraarsambt op te leiden. In 1876 werd echter eene uitbreiding van de Inrichting gegeven en een letterkundig departement toegevoegd, zoodat jongelingen ook in die School der Kerk, op Christelijken en Gereformeerder grondslag, eene wetenschappelike opleiding kunnen verkrijgen


hetzij zij dan tot de Theol. Studie wenschten over te gaan of niet ... Sedert 1876 heeft de School personen geleverd voor verscheidene Examina, zoals Onderwijzers, Elementaire, Matriculatie en Intermediaire."<sup>84</sup>

Behalwe dat prof Postma terselfdertyd ook pa gestaan het vir die 1876-verwikkeling en daarmee dus tereg as die vader beskou kan word van die Literariese Departement en dus ook van die latere universiteit wat daaruit sou groei, is hierdie uitspraak 'n klinkklare bevestiging van die konklusie waartoe oor en oor in hierdie studie gekom word, naamlik dat die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys sy geboorte- of stigtingsdatum hoogstens tot 1876/1877 kan terugvoer.<sup>85</sup>

### 1.2.5 Christelike onderwys ... en die gewetensklousule

Die stryd om die erkenning van Afrikaans in die Engelsoorheersde Kaapkolonie het in 1875 uitgeeloop op die stigting van die Genootskap van Regte Afrikaners (GRA), wat onder meer verantwoordelik was vir die publikasie van die boekie *Di Geskidenis van ons Land in di Taal van ons Volk* (1877) en die uitgee van 'n eie koerant, *Di Patriot*. Volgens TH Davenport, in sy stewige studie oor die Afrikaner Bond, was die Afrikaanse taal destyds die draer van 'n groter idee, 'n idee "as yet only vaguely formulated, which involved the self-conscious cultivation of a distinct Afrikaner outlook in the religion and the history of the people, to be attained by an all-embracing programme of popular education." Hierdie program was dié van Christelik-nasionale onderwys, wat sy oorsprong rondom 1860 in Nederland gehad het met die stigting van 'n Vereeniging van Christelike-Nationaal Onderwijs en wat onder invloed van ds GWA van der Lingen van die Paarl Gimnasium in Suid-Afrika posgevat het en ywerig deur ds SJ du Toit verder uitgedra is.<sup>86</sup>

Ds Du Toit se sieninge, wat grootliks gedeel is deur en sterk aanklank gevind het in Gereformeerde kringe, het hy verwoord in wat later deur sy seun en jeugdige biograaf, JD du Toit, as 'n "kwaai boekie" beskryf is. Met



#### 1.2.11

*Ds SJ du Toit was saam met GWA van der Lingen die grondleggers van Christelik-nasionale onderwys.*



die titel *Die Christelike School in hare verhouding tot Kerk en Staat* is die uitgangspunt dat die onderwys volgens die Bybel aan die ouers oorgedra is, onder toesig van die kerk. Die bestaande skoolstelsel is humanisties en nie-Christelik, wat gelykstaande is aan on-Christelik. Die skeiding van wetenskap en godsdienst is ook onbybels.

Ds Du Toit het 'n skerp waarskuwing gerig teen wat hy genoem het die nasionale gevaar in die onderwys: "Met 'n stelsel van onderwijs, wat moet uitloop op die vernietiging van die taal en die kerk, kan ons geen vrede hê nie ..." Boonop, sê hy, is onderwys in 'n vreemde taal (Engels) in die eerste instansie nadelig vir die verstandelike ontwikkeling van die kind: "Ons is nie daarteen dat hulle Engels geleer wort, maar dat die skole gebruik wort om ons taal uit te roei, daar is ons tegen." As Superintendent-generaal van Onderwys in die ZAR in die vroeë tagtigerjare sou Du Toit sy sieninge van Christelik-nasionale onderwys in dié staat probeer toepas.<sup>87</sup>

Die Kaapse onderwysstelsel het voorsiening gemaak vir neutrale staatskole terwyl die nawerking van die feit dat die Hervormde Kerk in die ZAR nog tot op 'n laat stadium staatskerk was, nog sterk voelbaar was en die Gereformeerdes nie huis aangestaan het nie. Van meet af aan, en deur sinodale besluite versterk, sê Bingle, "wou die Gereformeerdes hulle eie skole hê waarin Gereformeerde onderwys aan hulle kinders verskaf word". Inderdaad is tydens die 1876 sinode ondersteuning van staatskole afgekeur en as beginsel vasgelê: "De kerk moet zorgen voor die school."<sup>88</sup>

Ds Dirk Postma, wat reeds in Nederland 'n beduidende rol in die stryd vir Christelike onderwys gespeel het,<sup>89</sup> het hom na sy aankoms in Suid-Afrika eers in die ZAR en later in die Kaapkolonie sterk beywer vir opvoeding "volgens de beste Goddelijke voorschriften" en vir onderwysers wat "altijd overeenkomstig de Gereformeerde belijdenis" optree. Hy het sy ideale in hierdie verband kragtig in publikasies soos *De Maandbode* en die *Almanak van die Gereformeerde Kerk* bevorder.

Afgesien van sy positiewe aanprysing van die reorganisasie in die Teologiese Skool in 1876, waarna voorheen verwys is, het *Het Volksblad* ook opgemerk dat die "Dopperkerk" in sake rakende die onderwys minder bereidwillig was om met die regering saam te werk as die NG Kerk en wel omdat hulle (die "Doppers") onderwys baie pertinent as behorende tot die gebied van die kerk beskou het.<sup>90</sup>

In 1881 het professore Dirk en Marthinus Postma saam met eertydse kollega en nou predikant te Burgersdorp, Petrus Postma, hulle sieninge oor die rol en plek van die Bybel in die onderrig duidelik uitgespel, toe 'n

versoekskrif, geïnisieer deur *Di Patriot* in die Paarl, vir die vrye gebruik van die Bybel in staatsondersteunde skole die ronde by hulle gedoen het.

Hulle is wel ten gunste van die vrye gebruik van "het Boek der boeken" in die skool, sê die Postmas, maar dan alleen onder betroubare toesig - welke toesig volgens die huidige grondwet nie van die Staat gevra kan of mag word nie. Veel eerder, voel hulle, "dat de Staat net zoo min de School als eenige Kerk bezoldigde, en de School overliet aan elke Kerk of particuliere onderneming, de Staat behoudende het recht van promoveeren van hen die aanspraak willen maken op staatsambten, of op bewijzen van bekwaamheid, geldig bij het Staats bestuur. Dan is de School **in het godsdienstige geheel vrij en onbelemmerd**".

As die staat nooit skoolmeester was nie, vervolg hulle, dan sou kerkgenootskappe en particuliere verenigings seker veel sterker ontwikkel het en sou die vernederende posisie, om die staat om die Bybel op skool te nader, nooit ontstaan het nie. Van die staat, soos hy nou bestaan, kan beslis nie gevra word vir die Bybel op skool nie: "**Laten ons streven naar eene volmaakte vrijheid in de school zoowel as in de kerk ... Dan hebben en gebruiken wij den Bijbel door gods genade en niet per gratie van den staat.**"<sup>91</sup>

Waar die term "vrywillige beginsel" aanvanklik deur die Kaapse politikus Saul Solomon op die ontmagtiging ("disendowment") van kerklike instansies toegepas is, is hierdie term nou deur die voorstanders van Christelik-nasionale onderwys in die politieke vaarwaters losgelaat. Die bedoeling was dat staatsteun aan publieke skole onttrek word sodat skole wat godsdiensonderrig aanbied, op gelyke vlak kon meeding.<sup>92</sup>

Die Afrikaner Bond se Albert-tak (Burgersdorp-omgewing) het hierdie "vrywillige beginsel" sy eie gemaak en 'n versoekskrif daaroor by die Kaapse parlement ingedien.<sup>93</sup> Die energieke Gereformeerde predikant van Burgersdorp, ds MPA Coetzee (jnr), het op sy beurt 'n reeks brieve hieroor in die plaaslike koerant geskryf en die saak in besonderhede uiteengesit.<sup>94</sup> Die rol van die professore en die gereformeerde predikant te Burgersdorp was vir *Di Patriot* baie verblydend.<sup>95</sup>

Met dank aan die staat vir wat in die verlede gedoen is – die naam van superintendent-generaal van Onderwys, dr Langham Dale word pertinent genoem – en met erkenning dat 'n staatsbeheerde eksaminerende universiteit, as geheel onafhanklike en onpartydige eksamineringsmeganisme en vir toekenning van beurse en grade nodig is, betoog die petisionaris dat staatsondersteunde onderwys noodwendig onsektaries en neutraal moet wees. Dit sal meebring,



en te betreur wees, dat die jeug in neutrale skole sonder godsdienstige beginsels opgevoed word.<sup>96</sup>

Hierdie leerstelling het heftige kritiek uit sekere oorde ontlok. Postma en sy geesgenote is in hoogs emosionele taal gesmaad dat hulle téén onderwys is, dat hulle die onderwysdepartement afgeskaf wil hê, dat hulle deur onkunde en slegs met kennis van die Bybel hul houvas op die jeug wil behou. In die plaaslike *Albert Record* is 'n berig onder opskrif "Het Onderwijs gefnuikt" uit die blad *Boerenbode* oorgeneem, terwyl die *Burgersdorp Gazette* ook kritiek wat in *De Zuid-Afrikaan* uitgespreek is, weergegee het.<sup>97</sup>

Soos meermale, inderdaad feitlik deurgaans in sy openbare lewe, moes die senior Postma maar weer tot die verdediging oorgaan en het hy ook namens mede-yweraars Marthinus Postma en MPA Coetzee (jnr) geprotesteer teen "verregaande vergissing", teen die aanhoudende verdenking wat gesaai word en teen "eene vurige belastering van onze goede naam en faam". Die taalgebruik van die kritici, sê hy, getuig van swakheid en 'n gebrek aan teenargumente. Hy het onomwonde bevestig dat dit vir hulle van die grootste belang is dat almal tot bekwame en kundige mense omvorm sou word.<sup>98</sup>

Ook die uitgesproke Afrikanermondstuk van die Paarl, *Di Patriot*, het ter verdediging van die beginsel tot die debat toegetree. 'n Bekende NG-predikant, ds S Hofmeyr, het op sy beurt die kolomme van *De Zuid-Afrikaan* vol geskryf téén die beginsel – en téén die Postmas.<sup>99</sup>

'n Heftige koerantpolemiek het rondom die kwessie ontbrand, met veral die energieke Burgersdorpse Gereformeerde predikant, MPA Coetzee (jnr) as bevorderaar van die "vrywillige beginsel". Dit is opvallend dat daar wel vanuit NG Kerk-geledere ondersteuning vir die beginsel was, onder meer van ds WP de Villiers van Carnarvon en van 'n NG-lidmaat "Calvinist", wat meen dat ds Coetzee in die twigsprek met Hofmeyr die beste daaraan toe was. Tydens die ringsitting van die NG Kerk te Burgersdorp kort hierna het die plaaslike leraar die "vrywillige beginsel" as besprekingspunt voorgedra terwyl ds De Villiers dieselfde gedoen het by die Ring van Beaufort-Wes. Ook as parlementslid het ds DeVilliers as verbete voorvegter vir hierdie beginsel gefigureer.<sup>100</sup> Later sou prof Marthinus Postma hulle, op versoek van die plaaslike tak van die Afrikaner Bond, spesiaal bedank vir hulle "bekwame verdediging" van die beginsel.<sup>101</sup>

Te midde van hierdie heftige polemiek oor die "vrywillige beginsel", het die nuus bekend geraak van die skitterende eksamenuitslae van die Teologiese Skool en veral die prestasie van Stephanus Postma. Ds Coetzee het dit as troefkaart onder die neuse van die

kritici gevryf, as bewys van die gehalte van onderrig aan 'n vrye inrigting.<sup>102</sup>


In Oktober 1885, tydens 'n vergadering van die Afrikaner Bond te Burgersdorp, is prof Marthinus Postma weer prominent met 'n voorstel dat die "vrywillige beginsel" op skole en inrigtings van hoër onderwys toegepas word, "dit wil zeggen, dat er voortaan geene toelagen meer van Staatswege gegeven worden aan eenige School of College in de Kolonie, maar dat de burgers zelven het onderwijs voor hunne kinder verschaffen naar hunne keuze en behoeft, en dat zelven bekostig."<sup>103</sup> Die steun van ander takke vir die voorstel en vir die oprigting van vrye Christelike skole is gevra.

Die Postma-voorstel, gesekondeer deur ds MPA Coetzee (jnr), vra egter ook vir die bestaan van 'n van staatsweé besoldigde eksaminerende universiteit, as 'n onafhanklike en onpartydig liggaam wat grade en sertifikate toeken; die parlement kan ook jaarliks beurse en belonings vir goeie resultate toeken.<sup>104</sup>

'n Bewering dat voorstanders van die beginsel, en veral die Gereformeerdes, die saak aan die Afrikaner Bond opgedring het, is deur Postma met verwysing na die notuleboek van die plaaslike Bondstak ontken. Volgens 'n ander bekende inwoner, die heer Hopley, was ook die Anglikaanse kerk die saak goedgesind terwyl die heer O'Brien dit die regverdigste stelsel noem. 'n Onlangse ondersoek (die Ross-verslag) het juis aangetoon dat die beste onderwysresultate deur sektariese skole behaal word. Nog 'n spreker by die byeenkoms, die heer Van Rooy (waarskynlik teologiese student JA van Rooy), het uitgewys dat die nasionaliteitsgevoel in neutrale skole verlore gaan.<sup>105</sup>

In navolging van Burgersdorp, het die Bondsondersteuners te Venterstad ook kort hierna besluit om die "vrywillige beginsel", geleidelik toegepas, te ondersteun.<sup>106</sup> En tydens 'n openbare vergadering op 27 Januarie 1886 het die Postmas opdrag ontvang om 'n petisie betreffende hierdie beginsel op te stel, vir voorlegging aan die Parlement.<sup>107</sup>

Veral vanweë teenstand vanuit die "suide" (Kaapstad en omstreke) het die Afrikaner Bond hom begin distansieer van die beweging ten gunste van die vrywillige beginsel en het leier JH Hofmeyr dit in 1886 bewerkstellig dat godsdienst binne skoolure aangebied kon word, waardeur die wind grootliks uit die seile van die beweging geneem is. Vir *Di Patriot* was dit slegs 'n "skyn-verandering, wat eenvoudige, vrome, goedgelowige gristene di oge sal verblinde". Ds de Villiers het weer gevoel dat toestande in die praktyk nie juis verander nie omdat sodanige onderrig nog aan die gewetensklousule onderhewig was. Prof Cachet het in sy hekelrubriek "Zwart Palletjes" in *Di Patriot* die



## 1.2.12

JH "Onze Jan" Hofmeyr  
- kelder die stryd om die  
"vrywillige beginsel" deur  
te bewerk dat godsdiens  
in skooltyd onderrig kon  
word.

draak gesteek met die nuwe beleid, wat deur sowel die ortodokse as die liberale groepe aangekeur word – maar elk met eie motiewe.<sup>108</sup>

Dat die saak vir die voorstanders van die beginsel erns was en nie maar net ydele woorde of drome nie, blyk kort hierna met die reeds genoemde stigting van die Vrye Christelike Skool te Burgersdorp, wat onder direkte toesig van die Burgersdorp gemeente gestaan het. Weens vermindering van sy salaris by die regeringskool het onderwyser en oudstudent van die Teologiese Skool, Ph C Snijman, die geleentheid aangegryp om, in die woorde van prof Dirk Postma, 'n skool op te rig "die zoover hem mogelijk was te doen beantwoorden aan de belangen van onze Hollandsche bevolking – door nl. het Godsdienst onderwijs daar de hoofdplaats te doen innemen, de zoolang miskende Hollandsche taal recht te doen wedervaren en tevens degelyk Elementair onderwijs te verschaffen".<sup>109</sup>


Die ingebuikneming van die gebou was 'n luisterryke byeenkoms en die verloop van die verringinge is uitvoerig in die kerkmondstuk asook in die plaaslike

koerant gerapporteer.<sup>110</sup> Die ou hofsaal, wat ongeveer 100 mense kon huisves, was stampvol en oral in die gange en buite voor die vensters het belangstellendes en nuuskieriges saamgedrom. Onder die hooggeplaaste op die verhoog was die professore, die kuratore, lede van die skoolkommissie, onderwysers, kerkraadslede, die magistraat, die burgemeester, die twee parlementslede en predikante van die Wesleyaanse en Episkopale kerke.

Gewigtige toesprake is gehou. Gemeenskaplike voorsitter van die kuratore en die skoolkommissie, ds MPA Coetzee (jnr), het dit pertinent gestel dat die stigting van die VCS die resultaat is van die stryd om die vrywillige beginsel. Hy beklemtoon veral die vrye karakter van die skool en sê onder andere: "Zij is vrij en niet gebonden door eene clausule, die gewoonlijk gewetens clausule genoemd wordt."

**Die term "gewetensklousule" het sy verskyning in die woordeskat van gereformeerde onderrig in Suid-Afrika gemaak. Hierdie klousule sou baie prominent figureer in die verdere ontwikkeling van die Literariese Departement, eers tot 'n universiteitskollege en later tot 'n selfstandige universiteit.**

Op sy beurt het magistraat Stewart, as handhawer van openbare orde, tot groot instemming van die toehoorders in sy rede gesê dat niksooit so behulpsaam is om orde te handhaaf nie as die Christelike godsdienst, wat gehoorsaamheid, trou, sedelikheid en godsdienstigheid bevorder.



## 1.2.13

Opening van die Vrye Christelike Skool in 1886. Ook die Teologiese Skool sou vir 'n tyd lank hier gehuisves word.



1.2.14

Ds MPA Coetzee (jnr) – in die middel – het in 1886, tydens die opening van die VCS en Teologiese Skool se nuwe gebou, gewys op die gevaar van die gewetensklosule. Op die foto, in 1881 in Holland geneem, verskyn hy saam met prof Helenius de Cock en ds LJ du Plessis.

Ook professore Dirk en Marthinus Postma het uiting gegee aan hul vreugde oor die totstandkoming van die VCS. Laasgenoemde het die geleentheid benut om sy akademiese missie te herbevestig, naamlik “dat hij met ‘s Heeren hulp al zijne krachten, al zijne vermogens wenscht te wijden ten dienste van de kerk, die hij liefhad, aan de Theol. School die hem zeer dierbaar was en aan het land, dat hij in zijne betrekking als onderwijzer en eenvoudig burger verlangde te dienen”.

Marthinus Postma het dit ook sy plig geag om, op Engels, ‘n dankwoord tot die Engelse gemeenskap te rig – veral vir hulle aangenaam verrassende milde bydraes vir die aankoop van die gebou. Hy benut ook die geleentheid om kritiek oor sogenaamde sektariese onderrig te weerlê en om die taalbeleid van die Teologiese Skool aan sy toehoorders uit te spel. Dit het die Voorsienigheid behaag om Engels- en Hollandssprekendes neffens mekaar te laat woon en as hulle mekaar se tale ken, kan hulle wederkerig nuttig wees. Voorkeur word natuurlik aan Hollands gegee, maar die ideaal is om die leerlinge in soveel vakke en


soveel tale as moontlik te onderrig en om, met die oog op beroepsmoontlikhede in die land, toe te sien dat die studente so goed moontlik in beide Hollands en Engels bekwaam word.<sup>111</sup>

Inderdaad het Postma dus hier ‘n beleid van gekwalifiseerde dubbelmedium-onderrig uitgespel.

Die twee plaaslike parlementslede, die here DP (Daantjie) van den Heever en MM Venter, het onder andere ook boodskappe ter onderskraging gelewer, terwyl studentepraetor Stephanus Postma daarop gewys het dat die verskuiwing die Teologiese Skool meer in die openbare oog bring en dit, op sy beurt, weer groter verpligte op hulle as studente plaas. Die ander teologiese student, JE van Minnen, BA en vroeër van die Vrye Universiteit in Amsterdam, het met welsprekenheid en bewysvoering vertel van die nadelige gevolge van neutrale onderwys en die suksesvolle stryd om vrye Christelike onderwys in Nederland.

In ‘n hoofartikel van die goedgesinde plaaslike koerant is die opening van die Vrye Christelike Skool hoog aangeslaan, as ‘n gebeurtenis van belang vir die hele land en is dit bestempel as ‘n nuwe fase in die uitdra/ bevordering (“diffusion”) van die onderwys.<sup>112</sup> Dat dit inderdaad in ‘n behoeft voorsien het, word bewys deur die feit dat die studentetal van 16 tydens die opening van die skool teen Desember 1886 aangegroei het tot ‘n stiewige 63.<sup>113</sup>

Die komst van die VCS, wat ondanks die aanvanklike sentimente reeds vanaf 1891 as distrikskool subsidie van die regering ontvang het,<sup>114</sup> sou ‘n heilsame invloed hê op die aktiwiteite van die Teologiese Skool. ‘n Groot deel van die voorbereidende onderrig is nou deur die skool behartig, wat aan die professor in die Literariese Departement meer tyd gegun het om kwaliteit onderrig te gee. Kundige onderwysers het selfs ook assistensie verleen met die opleiding op hoërvlak.<sup>115</sup>



1.2.15

Ferdinand Postma as 14-jarige leerling van die Vrye Christelike Skool. Aanvanklik wou hy niks weet van hierdie “armelike” skooltjie nie...



Die sewearige Ferdinand Postma, wat saam met sy twee-jaar ouer broer Dirk nou om beginseloorwegings genoodsaak was om die veel ruimer en luukser Publieke Skool, waar “alles groots en vernaam en ‘up-to-date’ … en al hulle maats, uit die kringe van die elite afkomstig” was, te verruil vir die VCS, waar alles “so gering, so skamelik, so armelik” vertoon het, was nie baie in sy skik nie. Vir hom, wat in sy kinderlike waarneming die VCS as “heilige skool” bestempel het, was dit – volgens JD du Toit in ‘n latere herinnering – ‘n “sware offer … ook omdat hy van sy vader en moeder ‘n gevoel van elegansie geërf het wat hom sy lewe lank by gebly het”.<sup>116</sup> Sy ontvanklike kindergemoed sou egter spoedig die sin van hierdie verskuiwing besef.

Die aanvanklike hoë idealisme betreffende die VCS het spoedig met die harde werklikheid van finansiële oorlewing te doen gekry en in 1891 word staatshulp aanvaar, en verander die naam van die skool na “District Boarding School”, sonder om huis sy karakter in te boet. Teen 1908 het die VCS final in die veel sterker Albert Academy opgegaan.<sup>117</sup>

### 1.2.6 Onmin ... oor Van Minnen en oor rentefonds

Teen die middel en laat tagtigerjare sou onmin binne studentegledere, maar ook tussen studente en personeel en tussen beleidmakers hoér op sporadies na vore tree.

Die welsprekende eertydse VU-student, Jan Ernestus van Minnen, het – grootliks om gesondheidsredes – in Julie 1884 saam met president Paul Kruger en sy medeafgevaardigdes rakende die herstel van die ZAR se onafhanklikheid vanuit Holland na Suid-Afrika gekom en tydelik in die plek van dié se skoonseun, Frikkie Eloff, as die president se privaat sekretaris opgetree (Eloff het ‘n tyd langer vertoe). Reeds in Augustus het hy per brief navraag gedoen oor verdere studie aan die Teologiese Skool en sy begeerte uitgespreek om predikant van die Gereformeerde Kerk te word. Hy het reeds aangesluit by ds Petrus Postma se gemeente en deel ten volle in die kerk se beginsels.

Van Minnen was in 1880 kandidaat in lettere en wysbegeerte aan die Universiteit van Utrecht en het ook ingeskryf vir teologiese studie, maar het toe “om des beginsels wil” na die VU oorgegaan, waar hy twee jaar se studie voltooi het. Al was dit “voor zijne geleerdheid niet noodig”, het prof Dirk Postma dit tog in ‘n advies aan ds Petrus Postma raadsaam geag dat Van Minnen ‘n tyd lank “ons theologisch onderwijs genoot … om eerst goed met ons en onze beginselen bekend te worden”. Om eers goed bekend te wees met toestande in Suid-Afrika, geld ook “elk ander”, stel Postma as riglyn.<sup>118</sup>

Aan hoogdrawenheid het die ouer Postma geen erg gehad nie en hy het die skynbaar statusbewuste Van Minnen sagkens daarop gewys dat al daardie welluidende aanspreekvorme in sy brief nie huis hier te lande aanklank vind nie.<sup>119</sup> In April 1886 doen Van Minnen weer navraag en, omdat die kuratore “nog geheel met uw perzoon en gezindheid onbekend is”, word hy versoek om hom minstens vir ‘n jaar aan die Skool te “vervoegt … ten einde gij met ons en onze richting goed bekend te wordt, en de Kerk ook beter met U kan bekend worden”. Op 21 Julie het Van Minnen gevolglik as student ingeskryf. Twee maande later ontvang hy selfs ‘n verlofbrief om in die plaaslike gemeente te kan preek.<sup>120</sup>

Toe hy egter einde April 1887 toestemming vra om die proponentsekseen af te lê, word hy deur die kuratore geblokkeer en word in die register aangeteken: “Sedert 1 Maart 1887 de Colleges niet meer bijgewoond volgens kennisgeving uit gebrek aan fondsen, en tot hede, 10 Mei, nog niet teruggekeerd.” Van Minnen het met verwondering kennis geneem van die weiering en die terugvra van sy verlofbrief om te preek, en ‘n skroeidente aanval geloods: “Ik wensch dien brief te bewaren als een bewijsstuk, dat er vertrouwen in mij gesteld werd; welk vertrouwen aan alle kanten in wantrouwen **schijnt omgezat** te zijn, zonder dat men redenen daarvoor kan, of wellicht **durft** opgeven. Ik wensch dien brief te bewaren, omdat hij wellicht als bewijsstuk kan dienen tegen de bewerkers dier verandering”.<sup>121</sup>

Dit is moontlik dat Van Minnen se bedekte skimpe iets te doen gehad het met sy bedrywighede as student, waar hy ywerig gepoog het om, op model van die Vrije Universiteit, ‘n studentevereniging op gang te kry en hom in die proses skynbaar die gramskap van medestudente en veral JA van Rooy, latere skoonseun van prof Dirk Postma, op die hals gehaal het.

Van Rooy verwys in sy herinneringe na ‘n poging wat ongeveer 1886, met die stigting van die Vrye Chistelike Skool te Burgersdorp, aangewend is om ‘n studentevereniging op die been te kry. Van Minnen het skynbaar die leiding geneem, maar uit die trant van Van Rooy se vertellinge blyk dit dat hy nie huis persona grata kon gewees het nie: “Hy kon vir jou oreer soos Demosthenes self. Nou moes dit met alle geweld vorentoe met hemelhoë ideale. ‘n Nagemaakte Vrije Universiteits Studentekorps ‘Nil Desperandum Deo Duce’ word gestig met ‘n praetor en Abactis en Senaat en wat nie al nie. ‘n Gedugte Reglement word opgestel. Die heer v.M. draag ‘n stuk voor uit Da Costa … Beetje kritiek word uitgeoefen en die arme kritisie word afgehaal erger dan ‘n Dryden die poetasters van sijn tijd deur die modder gesleep het. Aanstoot word gegee en geneem op ‘n vergadering. Die bom bars, ‘n beetje gaslug en die liggaam ontbind van narigheid”.<sup>122</sup>



### 1.2.16

Hierdie foto van die Teologiese Skool se drie Postma-dosente en paar studente is waarskynlik in 1886 of 1887 geneem. Die persoon regs voor kan moontlik die Hollander JE van Minnen wees (inlasfoto). Medestudent JA van Rooy, wat bra sinies was oor Van Minnen se ywer vir 'n studentelewe, staan derde van links in die tweede ry. Van Minnen het in sy latere joernalistieke loopbaan eers by die Cape Times en daarna by De Burger (Nasionale Pers) gewerk.

Van Minnen het na die opskorting van sy studies as uitgwer en redakteur van Weekblad, 'n plaaslike koerant te Philipstown, en nog later as redakteur van De Bondsman te Burgersdorp gefigureer en het volgens eie mededeling ook vir vier tot vyf jaar vir Ons Land gewerk. Van Minnen was ook baie bedrywig in politieke en kultuurkringe. Ook hier het sy en Van Rooy se paaie gekruis en is daar tekens van wrywing.<sup>123</sup>

Maar ook op bestuursvlak was daar 'n mate van onmin. En wel oor geldsake.

Van meet af aan het die Teologiese Skool dit maar nie breed gehad aan geldelike middele om sy taak behoorlik uit te voer nie. Die hoofbron van inkomste was bydraes van gemeentes, wat volgens vaste formules geraam was maar wat, vanweë wisselende omstandighede, nie altyd tydig oorbetal was nie en dan met veel moeite van kuratorekant bygehaal moes word.

In 1873 was daar 'n tekort van ongeveer £66 in die Teologiese Skoolkas – en dit terwyl daar heelwat reparasiewerk aan of dalk 'n heropbou van die tweede pastorie uitstaande was. By die volgende sinode, in 1876, word gerapporteer dat daar 'n batige saldo is, met heelwat gelde nog uitstaande, en ook in 1879 lyk die prentjie rooskleurig, met byna £200 in die kas. In die tagtigerjare het dit moeiliker begin gaan en tydens die 1885-sinode word 'n droewige prentjie geskets en dit ernstig onder die aandag van die sinode gebring "dat de inkomsten voortdurend te min waren om de uitgaven te dekken, zoodat de penningmeester verplicht was geld te leen en er nu een schuld op ons rust van ± £470".<sup>124</sup>

Reeds tydens die kuratorevergadering voor die 1885-sinode het ds Jan Lion Cachet, ondersteun deur die res van die Kuratorium en die professore, die instelling van 'n vaste rentefonds vir die Teologiese Skool



geïnisieer.<sup>125</sup> Die skema is met oorgrote meerderheid deur die sinode goedgekeur.<sup>126</sup>

In die loop van 1887 ontwikkel daar 'n ernstige disput oor die finansiële posisie van die Teologiese Skool; 'n disput wat tydens die bestaan en ontwikkeling van die Literariese Departement skerp in die kollig geval het.

In Oktober 1887 begin ds MPA Coetzee (jnr) met 'n artikelreeks oor die Teologiese Skool en wel na aanleiding van vrae wat daar in Gereformeerde Kerkkringe oor hierdie inrigting gestel is. Die vrae het enersyds gehandel oor finansiële aangeleenthede en andersyds – maar ten nouste samehangend daarmee – oor die breër akademiese opleiding, vanaf 1877.<sup>127</sup> Een van hierdie finansiële knelpunte was die vaste rentefonds.

Die sinodebesluit van 1876, om breër opleiding te verskaf, moet volgens Coetzee as 'n seën beskou word: "Wij moeten er ons op toeleggen om met onze school en kerk een zegen te zijn voor geheel Zuid Afrika. Als alle personen, die eens betrekkingen in kerk en maatskappij bekleeden zullen, hunne opleiding genoten aan eene zuiver godsdienstige inrichting, welk een onberekenbaar grote zegen zou het zijn?"

Die rentefonds het 'n hele polemiek in die kerklike mondstuk tot gevolg gehad, waartydens voor- en teenstanders daarvan hul standpunte sterk gestel en verdedig het. Tussen veral ds LP Vorster en ds Coetzee het harde woorde geval.<sup>128</sup>

Teen die einde van 1886 blyk dit dat slegs enkele gemeentes tot die skema toegetree het, en dat daar verskeie besware daarteen ingebring is, o.a. dat dit onbybels is. 'n Ander sluimerende beswaar, wat deurgekemer het in 'n opmerking dat daar prokureurs aan die Teologiese Skool opgelei is, is saam met ander besware deur ds Coetzee in sy twee artikels in die kerkmondstuk behandel en weerlê.<sup>129</sup>

Cachet het ook tot die debat, en tot die verdediging van die rentefonds, toegetree: as iemand 'n beter plan het, moet hy na vore kom. Die saak is van allergrootste belang: "Zonder school zie ik niet in dat een kerk bestaan kan ... Verandering moet er komen of de Theol. School valt."<sup>130</sup>

Vroeg in 1888 word daar maar weer op kuratorevlak 'n behoefte uitgespel vir assistensie in die Literariese Departement en sou die sinodegangers ernstige aandag aan die saak moes gee. En saam daarmee saam aan die steeds knellende finansiële omstandighede waaronder die Teologiese Skool funksioneer. Dit gaan maar nie goed op finansiële gebied nie, is die toonaard van die kuratore se mededeling aan die sinode van 1888: die professore ontvang nog gereeld hul salaris, maar die penningmeester was verplig om geld te leen om die boeke te laat klop; die skuldas staan nou op £463, met 'n verbandskuld van £300 op die nuwe gebou.<sup>131</sup>

Daar is lank en ernstig besin. Vyf voorstelle is gemaak, en "ernstige en breedvoerige discussien" daaroor gevoer. En toe is besluit dat die skuld nie die verantwoordelikheid van die sinode is nie, maar van die gemeentes wat agterstallig is. Hierdie gemeentes word gevolelik opgeskroef om binne drie maande te presteer.

Weens die benarde finansiële toestande het die kuratore 'n baie "sagte" versoek om assistensie ingedien, naamlik om 'n onderwyser in die wetenskappe met die VCS te deel. Die gedagte is baie goed ontvang en so goedgekeur. Hiermee sou die opleiding tot op BA-vlek, wat tydens die 1885 sinode opgeskort is, nou weer hervat kon word.<sup>132</sup>

Oor die vaste rentefonds vir die Teologiese Skool is daar eweneens ernstig besin. Rapporte vanuit die verskillende gemeentes het redelike steun aangetoon, maar in baie gevalle kon dit nog nie aktief van die grond kom nie. Middelburg, darem, "werkt er al zachteks aan". Ds LP Vorster het sterk standpunt teen die fonds ingeneem en wou hê dat dit geskrap word, enersyds oor die swak reaksie maar ook omdat daar in sommige gemeentes besware teen die skema bestaan. Di D Postma (jnr) en P Postma het op hul beurt en as duidelike reaksie op besware, in 'n ander voorstel uitgespel dat die rentefonds nie in stryd met die Bybel is nie. Uiteindelik is die **status quo** gehandhaaf.<sup>133</sup>

Die finansiële faktor sou algaande in die negentigerjare sterker op die voorgrond tree en in die proses selfs ook vrae oor die moraliteit van geldelike ondersteuning vir nie-teologiese opleiding aan die Teologiese Skool ontlok.